DIAGNOSTIESE ONTLEDINGS VIR IDENTIFIKASIE VAN SIEKTES EN PLAE: MONSTERNEMING

DIAGNOSTIESE ONTLEDINGS GELEWER DEUR DIE PLANTBESKERMINGSAFDELING, LNR INFRUITEC-NIETVOORBIJ

- **AALWURMONTLEDINGS**
- **KNOPMYTONTLEDINGS**
- **DIAGNOSE VAN SWAMSIEKTES**
- **IDENTIFIKASIE VAN ANDER PLAE**

INLIGTING BENODIG WANNEER MONSTER INGEDIEN WORD VIR ONTLEDINGS

Die onderstaande inligting moet op die aangehegde vorm ingevul word. Daarsonder kan geen ontledings gedoen en aanbevelings gemaak word nie:

- Naam, posadres en telefoonnommer van produsent, sowel as die persoon wat die monster indien.
- Kontakbesonderhede van persoon aan wie die rekening gestuur moet word, insluitend faksnommer.
- Die tipe materiaal ingedien (grond, hele stok, blare, ens.)
- Kultivar, onderstok, ouderdom van wingerd/plantdatum en die kweker wat die plantmateriaal voorsien het.
- Beskrywing van simptome, verspreiding van simptome in die blok/op die plaas.

MONSTERNEMING VIR AALWURMONTLEDINGS

- Nuwe aanplantings/hervestiging van wingerd: Neem monster voordat grondvoorbereiding begin, m.a.w. terwyl plantegroei/vorige gewas nog aanwesig is. Aalwurmgetalle neem skerp af na grondvoorbereiding, wat tot gevolg het dat werklike aalwurmgetalle onderskat word. Indien daar reeds wingerd of perskes op die grond staan waar wingerd hervestig gaan word, word 12 sub-monsters geneem. Andersins moet 20 sub-monsters eweredig verspreid oor die area geneem word. Indien verskillende tekstuurfraksies voorkom, moet hulle afsondelik gemonster word.
- Gevestigde wingerd: 12 sub-monsters/ha verspreid oor die wingerd/boord en binne 30 cm van wingerdstokke af (op bankie).
- Skraap boonste 2 cm grond met onkruid en plantreste weg. Neem monsters tot op 20-30 cm gronddiepte.
- Meng grond van sub-monsters goed en neem dan ‘n gesamentlike monster van 1 kg.
- Die gesamentlike monster moet 10-20 g fyn wortels insluit, sodat getalle van endoparastiese aalwurms (knopwortel- en letselaalwurm) bepaal kan word.
- Maak monster lugdig in ‘n plastieksak toe om uitdroging te voorkom. Moenie in die son laat lê nie.
- Maak seker dat elke monster duidelik gemerk is.

- Besorg monsters so gou moontlik by die laboratorium op die Nietvoorbij kampus (R44/Adamtas Weg, Stellenbosch) vir ontleding. Kontakpersoon: Abraham Vermeulen. Skakel 021 – 809 3161 of vermeulena@arc.agric.za vir verdere inligting.

MONSTERNEMING VIR OOG- & KNOPMYTONTLEDINGS

- Neem monsters na blaarval, maar voor of tydens snoei van wingerd.
- Monster 15 lote per hektaar.
- Vir Tafeldruiwe moet elke loot die onderste 16 ogies (naaste aan die kordon) bevat.
- Vir Wyndruiwe moet elke loot 10 ogies (naaste aan die kordon) bevat.
- Hou monster koel en maak seker dat dit nie in die son lê of uitdroog nie. Monsters kan in ‘n koelkas of koelkamer gehou word, maar moenie vries nie. Dit moet ook nie in ‘n plastieksak lê en sweet nie.
- Maak seker dat elke monster duidelik gemerk is.
- Besorg monsters so gou moontlik by die laboratorium op die Nietvoorbij kampus (R44/Adamtas Weg, Stellenbosch) vir ontleding. Kontakpersoon: Abraham Vermeulen. Skakel 021 – 809 3161 of vermeulena@arc.agric.za vir verdere inligting.

MONSTERNEMING VIR DIAGNOSE VAN SWAMSIEKTES (wortel-, stam- en onbekende siektes)

- Waar moontlik moet die volledige wingerdstok met wortels en ‘n grondmonster ingedien word.
- Indien onprakties, kan groot wingerdstokke in stukke verdeel word (hou entlas en kroon intak en sluit wortels in).
- Stuur ‘n stok wat verteenwoordigend is van die probleem waargeneem in die wingerd.
- **Moet asseblief nie plante stuur wat reeds dood is nie.**
- Om uitdroging te voorkom, moet monsters so gou as moontlik na uithaal by die diagnostiese laboratorium op die Nietvoorbij kampus, Klapmutsweg (R44), Stellenbosch afgelewer word. Maak seker dat monsters nie in die son lê nie.
- Grondmonster moet geneem word in die area waar die meeste wortelgroei plaasvind, ongeveer 30cm vanaf grondvlak.
- Grondmonsters (ongeveer 1 kg) moet in ‘n plastieksak geplaas word om uitdroging te voorkom.
- Kontakpersoon: Abraham Vermeulen. Skakel 021-809 3161 of VermeulenA@arc.agric.za vir verdere inligting.

MONSTERNEMING VIR DIAGNOSE VAN SWAMSIEKTES (blaarsiektes insluitend simptome waargeneem op lote en trosse)

- Sluit in identifikasie van poeieragtige meeldou ("witroes" of "oïdium"), donsskimmel, streepvlek, Botrytis, antraknose, ens.
- Draai blare, lote of trosse toe in koerantpapier. Plaas in plastiek- of papiersak sodat monster nie uitdroog nie, maar ook nie blootgestel word aan onnodige vog nie.
- Lewer so gou as moontlik af by die diagnostiese laboratorium (Nietvoorbij kampus).
- Kontakpersoon: Abraham Vermeulen. Skakel 021-809 3161 of VermeulenA@arc.agric.za vir verdere inligting.

Ondersoekprosedure

Met aankoms by die diagnostiese laboratorium word die monster visueel ondersoek om te bepaal watter proses van ontleding gevolg moet word. Die inligting op die aangehegde vorm, tesame met die kenmerkende simptome wat waargeneem word, sal alles daartoe bydra dat 'n meer omvattende diagnose gemaak word. In die geval van stamsiektes is 'n visuele ondersoek onvoldoende en word volledige ontledings sterk aanbeveel.

IDENTIFIKASIE VAN ANDER PLAE

- Stuur 'n monster van die simptome/skade. Indien geen vars materiaal (lote/blare/vrugte) beskikbaar is nie, kan 'n duidelike kleurfoto gestuur word.
- Stuur 'n monster van die insek (of ander organisme), indien moontlik. Myte en insekte (veral sagte tipes soos witluise of inseklarwes) kan in 'n 70% oplossing van etanol (etielalkohol) in water gepreserveer en versend word. Etanol kan by 'n apteek verkry word. Groter insekte kan m.b.v. huishoudelike insekdoder gedood word en dan versigtig in 'n houer verpak word. Houer moet kan "asemhaal", anders vrot die monster voor dit geïdentifiseer kan word.

SIMPTOMATIESE IDENTIFIKASIE VAN VIRUSSIEKTES

Vir visuele diagnose van virussiektes op grond van sigbare simptome, kan stokke of gedeeltes van stokke wat die simptome openbaar, na die virologie laboratorium op die Nietvoorbij proefplaas, Klapmutsweg (R44), Stellenbosch gestuur word. Virusontledings word nie by Infruitec-Nietvoorbij gedoen nie. Indien nodig, moet monsters na die onderstaande laboratoriums gestuur word.

ONTLEDINGS VAN VIRUSSIEKTES

- LNR-NIPB, Pretoria. Marike van der Merwe. (012) 808 8186 of VDMerweMa@arc.agric.za.

KOSTE VAN ONTLEDINGS (2012/13)

- Die kostes vir indiening van een wingerdmonster vir ontleding van swamsiektes is ***R631*** (insluitend BTW). Hierdie koste sluit in isolasies en identifikasie van swamme uit wingerdstok.
- In sommige gevalle is slegs ‘n visuele ondersoek nodig om die probleem te diagnoseer (gratis), maar indien ‘n verslag vereis word is die koste ***R375*** (insluitend BTW).
- Grondmonster-ontledings vir *Pythium* of *Phytophthora*: ***R540*** (insluitend BTW).
- PKR analise vir Vlamsiekte en Aster Vergeling: **R678** (insluitend BTW).
- Aalwurm ontledings uit grond en wortels: **R200** (insluitend BTW).
- Oog- & Knopmytontledings: **R200** (insluitend BTW).
- Witluis Feromoon lokval tellings: **R25** per lokval (insluitend BTW).